

PERSVERKLARING OOR DIREKTE SEWE-JAAR VONNIS VIR KORRUPTTE SARS-BEAMPTTE

Tshwane, 17 November 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom 'n sewe-jaar direkte vonnis wat aan een sy eie, mnr. Malatse Kolokoto, by die Palm Ridge magistraatshof toegedien is nadat hy aan korrupsie skuldig bevind is. Dit volg na 'n insident waar die beskuldigde 'n reisiger gefasiliteer het om die land te verlaat met goedere sonder die vereiste dokumentasie.

Die beampte het nie besef dat kringtelevisie opgetel het hoe hy omkoopgeld ontvang om die reisiger te help om die verklaringproses, soos vereis deur die bepalings in artikel 15 en reël 15 van die Wet op Doeane, te omseil nie.

Die reisiger is deur 'n doeane-beampte aangekeer net voor hy op 'n internasionale vlug die land sou verlaat. Hy is versoek om alle goedere by hom te verklaar waarna hy ses Rolex-horlosies uit sy rugsak te voorskyn laat kom het sonder die nodige verklaringvorm. Hy is in hegtenis geneem en later ook die doeane-beampte.

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter het die eerlike en brawe doeane-beampte geloof vir sy oplettheid en ook vir die fasilitering van mnr. Kolokoto se inhegtenisneming. Hy het gesê: "Eg aan SARS se waardes van eerlikheid, integriteit en optrede sonder aansien des persoons of vooroordeel, het die doeane-beampte hom weerhou van sameswering met kriminele optrede of om ander pad te kyk terwyl een van sy mede-beamptes teenstrydig ons waardes optree. SARS word in 'n posisie van vertrouwe geplaas om te verseker dat die wette wat ons administreer, nougeset en ywerig toegepas word, en enigeen wat hierdie posisie van vertrouwe misbruik, verdien die swaarste straf".

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.